SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE **SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS**

AANSOEK DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON VIR DIE MIV-TOETSING VAN DIE BEWEERDE OORTREDER

Artikel 30 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007
(Wet No. 32 van 2007)

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE NOTAS VOOR U DIE AANSOEKVORM VOLTOOI:

(1) Ingevolge die Wet, kan die slagoffer van 'n seksuele misdryf, of 'n belanghebbende persoon wat namens die slagoffer optree, aansoek doen vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder van die seksuele misdryf. Die Wet bepaal dat 'n *belanghebbende persoon*, enige persoon is wat 'n wesenlike belang in die welstand van 'n slagoffer het, insluitend 'n gade, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag, ouer, voog, familielid, sorggewer, kurator, berader, geneesheer, gesondheidsorgvoorsiener, maatskaplike werker of onderwyser of onderwyseres van so 'n slagoffer is.

(2) Indien die aansoek gedoen word deur 'n belanghebbende persoon (soos wat hierbo uiteengesit is), moet die aansoek gedoen word met die skriftelike toestemming van die slagoffer, tensy die slagoffer —
- jonger as 14 jaar is;
- verstandelik gestremd is;
- bewusteloos is;
- 'n persoon is ten opsigte van wie 'n kurator deur die hof aangestel is; of
- 'n persoon is wat, volgens die hof, nie in staat is om die nodige toestemming te kan gee nie.

Waar toepaslik, moet die skriftelike toestemming van die slagoffer aan die aansoekvorm geheg word.

(3) Indien u bystand benodig met die voltooiing van die aansoekvorm, kan u die ondersoekbeampte versoek om u behulpsaam te wees.

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....

GEHOU TE .....

SAAK NO:.....

AANSOEK

Aan die klerk van die hof, ...

Neem kennis dat .....(die slagoffer*/belanghebbende persoon*) ingevolge artikel 30 van die Wet, by hierdie Hof aansoek doen vir 'n bevel —

(a) dat die beweerde seks-oortreder, hieronder beskryf, vir MIV getoets word*; en

(b) dat die uitslae van die MIV-toets aan ..... (die slagoffer*/belanghebbende persoon*) en aan die beweerde oortreder* bekend gemaak word; of

(c) dat die uitslag van die MIV -toets van die beweerde oortreder, wat reeds by wyse van 'n aansoek deur die ondersoekbeampte, soos beoog in artikel 32 van die Wet, bekom is, aan ..... (die slagoffer*/belanghebbende persoon*) bekend gemaak word.

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

DEEL A: VERKLARING DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON WAT NAMENS

SLAGOFFER OPTREE

1. BESONDERHEDE VAN SLAGOFFER

Volle name en van: .....

Dui enige ander van aan: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer /paspoortnommer: .....

2. BESONDERHEDE VAN BELANGHEBBENDE PERSOON, INDIEN TOEPASLIK *(Sien nota (1) hierbo)*

Volle name en van: .....

Geboortedatum: .....

Identiteitsnommer /paspoortnommer: .....

Verhouding met slagoffer (bv ouer): .....

Indien die aansoeker nie die eggenoot, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag of die ouer van die slagoffer is nie, meld die rede waarom aansoek namens die slagoffer gedoen word: .....

3. SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN SLAGOFFER INDIEN AANSOEK GEDOEN WORD DEUR BELANGHEBBENDE PERSOON *(Sien nota (2) hierbo)*

(a) Is die skriftelike toestemming van die slagoffer verkry? ..... Indien wel, heg toestemming aan hierdie vorm*

(b) Die skriftelike toestemming van die slagoffer word nie vereis nie indien die slagoffer* —

- jonger as 14 jaar is;
- verstandelik gestremd is;
- bewusteloos is;
- ‘n persoon is ten opsigte van wie ’n kurator deur die hof aangestel is; of
- nie in staat is om die nodige toestemming te verleen omdat (verskaf redes): .....
  .....
  .....

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

4. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE SEKSUELE MISDRYF EN MOONTLIKE BLOOTSTELLING AAN DIE LIGGAAMSVLOEISTOWWE VAN DIE OORTREDER

(Moet deur die slagoffer of die belanghebbende persoon, wat namens hom of haar optree, of deur die ondersoekbeampte voltooi word)

(a) Datum, tyd en plek waar die beweerde seksuele misdryf gepleeg is: .....
.....

(b) Verduidelik waarom u glo dat u blootgestel is aan die liggaamsvloeistowwe (semen, bloed, vaginale vloeistof) van die beweerde oortreder: .....
.....

.....

.....

(Heg 'n afskrif van die J 88 of mediese verslag in, indien dit beskikbaar is.)

'n Aansoek vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder kan slegs gedoen word indien die beweerde misdryf binne 72 uur na die pleging daarvan aangemeld is by —

(i) die Suid-Afrikaanse Polisiediens*; of

(ii) 'n aangewese gesondheidsinstelling*, en

binne 'n tydperk van 90 dae vanaf die datum waarop die misdryf na bewering gepleeg is.

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

***5. BESONDERHEDE VAN AANSOEK WAT REEDS DEUR DIE ONDERSOEKBEAMPTE INGEVOLGE ARTIKEL 32 VAN DIE WET GEMAAK IS, INDIEN TOEPASLIK**

Saak / MAS / MR nommer: .....

Datum van aansoek: .....

Besonderhede van landdros wat aansoek toegestaan het: .....

.....

Naam van ondersoekbeampte: .....

Kontakbesonderhede van ondersoekbeampte: .....

Meld waar die addisionele afskrif van toetsuitslag gehou word: .....

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

6. BEËDIGDE VERKLARING /PLEGTIGE VERKLARING DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON NAMENS SLAGOFFER *(Moet deur Vredesbeampte / Kommissaris van Ede voltooi word*)

Ek, ... (slagoffer of belanghebbende persoon) verklaar hiermee dat bovermelde inligting na die beste van my wete waar en korrek is.

Bogenoemde verklaring is gemaak deur my op die plek, datum en tyd soos aangedui.

* Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

OF

* Ek verklaar plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring waar is..

....

HANDTEKENING: SLAGOFFER /BELANGHEBBENDE PERSOON **PLEK**

.....

DATUM

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy / sy* vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Die

verklaring is voor my beëdig / bevestig*, en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

GETEKEN EN BEËDIG / BEVESTIG* IN MY TEENWOORDIGHEID OP HIERDIE DIE ..... DAG VAN .... TE..... EN OM .....:..... (TYD).

.....

VREDESBEAMPTE / KOMMISSARIS VAN EDE

Volle name: .....

Hoedanigheid .....

Area van aanstelling: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

DEEL B: BEWEERDE OORTREDER

1. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER *(Moet deur die ondersoekbeampte voltooi word)*

'n Klagte in verband met 'n beweerde seksuele misdryf is deur die slagoffer, wie se besonderhede in DEEL A vermeld word, gelê teen die beweerde oortreder wie se besonderhede hieronder verskyn.

Volle name en van: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer /paspoortnommer: .....

Woonadres/Tydelike adres: .....

.....

Telefoonnommer: .....

Selfoonnommer: .....

MAS / MR no: .....

Misdryf waarvan aangekla word: .....

Die beweerde oortreder word aangehou / is op borgtog vrygelaat? *(Skrap wat nie toepaslik is nie)*

Indien die beweerde oortreder aangehou word, vermeld die plek waar hy of sy aangehou word: .....

Indien die beweerde oortreder op borgtog vrygelaat is, vermeld die borgvoorwaardes: .....

.....

.....

.....

.....

6. BEËDIGDE VERKLARING /PLEGTIGE VERKLARING DEUR ONDERSOEKBEAMPTE

Ek, ..., (die ondersoekbeampte) met Persal nommer ..... verklaar hiermee dat bovermelde inligting na

die beste van my wete waar en korrek is.

Bogenoemde verklaring is gemaak deur my op die plek, datum en tyd soos aangedui.

* Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

OF

* Ek bevestig opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is..

....

HANDTEKENING VAN ONDERSOEKBEAMPTE **PLEK**

.....

DATUM

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy / sy* vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Die verklaring is voor my beëdig / bevestig*, en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

GETEKEN EN BEËDIG / BEVESTIG* IN MY TEENWOORDIGHEID OP HIERDIE DIE ..... DAG VAN .... TE..... EN OM .....:..... (TYD).

.....

VREDESBEAMPTE /KOMMISSARIS VAN EDE

Volle name: .....

Hoedanigheid .....

Area van aanstelling: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie toepaslik is nie*

Neem asseblief kennis: *Die Wet plaas streng beperkinge op die omstandighede waarin die beweerde oortreder van 'n seksuele misdryf, sonder sy of haar toestemming, aan 'n verpligte MIV-toets onderwerp mag word. Die Wet laat dit slegs toe om die slagoffers van seksuele misdrywe by te staan. Indien u nie die slagoffer van 'n seksuele misdryf is nie, of u nie namens die slagoffer van 'n seksuele misdryf optree nie en hierdie prosedure misbruik om die MIV-status van 'n persoon kwaadwilliglik te bepaal, kan u vervolg en aan 'n misdryf skuldig bevind word en by skuldigbevinding tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar gevonnis word. 'n Siviele eis vir skadevergoeding mag ook teen u ingestel word.*